**5 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 149:1-21 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 149:2, 5-7 (OAV)**

**Die eindoorwinning is die Here s'n!**

Die Psalmbundel bestaan uit verskeie soorte psalms – vir elke soort stemming een. Byvoorbeeld: klaag-, wysheids-, sondebelydenis-, geskiedenis-, dank-, vertrouens-, vloek- en lofpsalms.
Waar pas Psalm 149 in? Volgens verse 6-9 is daar sprake van vloek en wraak, maar verse 1-6a en 9b is daar weer lofsange. Dus: Psalm 149 is beide 'n vloek- en 'n lofpsalm (vgl. vs 6, 7)! Hoe rym lof en wraak dan?
Die antwoord lê daarin dat die Psalm begin en eindig met 'n "halleluja" ("loof die Here!"). Dit gaan dus in die eerste plek om God se eer en lofprysing. Die grootste gedeelte van die Psalm gaan om die lofverheffing van die Here. Dit gaan om die Hére se oorwinning wat Hyself vir sy volk oor die heidene bewerkstellig het. Hierdie oorwinning het Hy ter wille van die eer van sý Naam gedoen. Daar is dus van 'n menslike oorwinning en wraak ten opsigte van die heidene in hierdie Psalm geensins sprake nie!
Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sluit hierby aan: die Here kom op die bestemde tyd as Regter om oor almal te oordeel. "En daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddelose met reg ontsettend en skrikwekkend, maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses."
Natuurlik mag die Christen hom nie verlustig in die ewige verdoemenis van die onberoulike sondaar nie. Maar 'n Christen mag hom verbly en troos in die wete dat die Here sy beloftes waar sal maak ten opsigte van beide die redding én verdoemenis. Daarom is 'n loflied hier wel gepas.
Die beloftes word in Christus se dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms waar. Die mens moet hom tot God bekeer om saam te kan juig!

*Sing: Psalm 149:1-3 (1936)* *Ds. AH Stavast (Kroonstad)*